

Die volgende is 'n Werkkaart soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Werkkaart oor Breuke.

Opskrif:

Gewone breuke

Werkkaart 3: Eksponente en wortels

Skryf die volgende teorie, met voorbeelde, oor in jou werkboek en voltooi die oefening wat volg.

- Wanneer 'n breuk tot 'n mag verhef word, word afsonderlik met die teller en noemer gewerk.

$$\left(\frac{4}{5}\right)^2 = \frac{4^2}{5^2} = \frac{16}{25}$$

- Wanneer die wortel van 'n breuk bereken word, word die wortels van die teller en noemer ook afsonderlik gedoen.

$$\sqrt{\frac{25}{36}} = \frac{\sqrt{25}}{\sqrt{36}} = \frac{5}{6}$$

Oefening:

Jy mag 'n sakrekenaar gebruik om jou antwoorde te kontroleer, maar jy moet steeds jou stappe toon. Jy mag NIE net die antwoorde neerskryf NIE.

Bereken:

a) $\sqrt{\frac{81}{144}}$

b) $\left(\frac{-2}{8}\right)^2$

c) $\sqrt[3]{\frac{125}{27}}$

d) $\sqrt[3]{15\frac{5}{8}}$

e) $\left(\frac{3}{-4}\right)^2 + \sqrt{\frac{4}{64}}$

f) $\sqrt{2\frac{1}{4}} - \sqrt{2\frac{4}{16}} + \left(\frac{-4}{3}\right)^2$